# Wanneer misdaad en korrupsie jou onderkry ...



**bybelgenootskap**
van suid-afrika

# Moenie moed verloor nie!

Oneerlikheid en korrupsie is niks nuuts nie. In die Ou Testament vind ons talle Bybelgedeeltes waar God sy misnoeë met oneerlikheid en korrupsie te kenne gee, terwyl die Spreukedigter sy afkeer van leuenaars en skelms duidelik uitspreek.

"Jy mag nie met inhoudsmate werk wat nou sus en dan so, nou groot dan klein is nie.

"Jy moet billik en regverdig afweeg en afmeet. Dan sal jy lank leef in die land wat deur die Here jou God aan jou gegee word.

"Die Here jou God het 'n afsku van almal wat oneerlik is en ander bedrieg."

Deuteronomium 25:14-16

Die Here het 'n afsku van 'n skaal
wat nie reg weeg nie;
net die regte gewig
dra sy goedkeuring weg.

Die opregtheid van eerlike mense
bepaal hulle koers;
die valsheid van onbetroubares
bring hulle ondergang.

Rykdom baat nie
wanneer die Here straf nie.

Spreuke 11:1,3-4a

***Alle Skrifgedeeltes geneem uit die Afrikaans 1983-vertaling.**

## Eerlikheid verdien God se seën

In Spreuke word eerlikheid en die manier waarop jy sake doen, gekoppel aan ’n sinvolle lewe:

> Die gehoorsaamheid van
> die opregte
> maak sy pad gelyk.

Spreuke 11:5a

## Wanneer geregtigheid nie geskied nie

Wanneer misdaad ongestraf bly en dit lyk asof die kwaad floreer, verloor mense hulle respek vir die wet.

Omdat die verkeerde daad nie meteens gestraf word nie, hou mense eenvoudig aan om verkeerd te doen.
Prediker 8:11

## Tog vertrou gelowiges:

Al doen die sondaar ook hoeveel kwaad en leef hy nogtans lank, ... met die vromes wat vir God dien, sal dit goed gaan; met die goddelose wat nie vir God dien nie, sal dit nie goed gaan nie. Soos ’n vlugtige skaduwee wat gou verdwyn, sal die goddelose nie lank lewe nie. Prediker 8:12-13

> U laat hulle op gladde plekke loop,
> U laat hulle ondergaan
> deur hulle eie geknoei.

Psalm 73:18

# Laat God jou regter wees

As gelowiges word ons nie geroep om soos die wêreld te wees nie, maar om die wêreld 'n beter manier van leef te wys.

Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is. Romeine 12:2

Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig. En wat julle van my geleer en ontvang het, en gehoor en gesien het, dit moet julle doen. En God wat vrede gee, sal by julle wees.
Filippense 4:8-9

Uitgegee en versprei deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
**www.bybelgenootskap.co.za**

BibleSA.co.za
BibleSA
Bybels en Oudiobybels is op die **BibleSA-app** beskikbaar.